



STAATSKOERANT VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA GOVERNMENT GAZETTE

REGULASIEKOERANT No. 1758

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

PRYS 20c PRICE
OORSEE 30c OVERSEAS
POSVRY — POST FREE

REGULATION GAZETTE No. 1758

Registered at the Post Office as a Newspaper

VOL. 93]

PRETORIA, 9 MAART
9 MARCH 1973

[No. 3799

GOEWERMENSKENNISGEWING

DEPARTEMENT VAN VERVOER

No. R. 331 9 Maart 1973
STAATSLUGHAWEREGULASIES, 1963

Die Minister van Vervoer het, kragtens artikel 22 van die Lugvaartwet, 1962 (Wet 74 van 1962), die regulasies in bygaande Bylae vervat, uitgevaardig.

BYLAE 6

Die Staatslughawerregulasies, 1963, soos aangekondig by Goewermentskennisgewing R. 1974 van 20 Desember 1963 en soos later gewysig*, word hierby verder gewysig—

(1) deur oral waar dit in die bedoelde regulasies voorkom behalwe in regulasies 2 (i), 2 (xvi), 4 (c) en 4 (d)—

(a) die woord "vliegtuig" of "vliegtuie" deur onderskeidelik die woord "lugvaartuig" of "lugvaartuie" te vervang; en

(b) elke saamgestelde woord en enige uitdrukking waarvan die woord "vliegtuig" of "vliegtuie" deel uitmaak deur die ooreenstemmende saamgestelde woord of uitdrukking waarvan onderskeidelik die woord "lugvaartuig" of "lugvaartuie" deel uitmaak, te vervang;

(2) deur in die Engelse teks in regulasie 2 in die woordomskrywing van "runway" en "taxiway" en in regulasies 4 (c) en 4 (d) die woord "aircraft", waar dit ook al voorkom, deur die woord "aeroplane" te vervang;

(3) deur die omskrywing van "polisiebeampte" in regulasie 2 deur die volgende omskrywing te vervang:

"(xv) 'polisiebeampte', 'n lid van die Mag soos omskryf in artikel 1 van die Polisiewet, 1958 (Wet 7 van 1958), of 'n lid van die Suid-Afrikaanse Spoorwegpolisie soos in artikel 57 van die Konsolidasiewet op die Beheer en Bestuur van Spoorweë en Hawens, 1957 (Wet 70 van 1957) bedoel, en as die lughawe binne die gebied van 'n munisipaliteit geleë is, ook 'n verkeersbeampte of 'n verkeersinspekteur wat voltyds in diens van daardie munisipaliteit is; (xv)"

GOVERNMENT NOTICE

DEPARTMENT OF TRANSPORT

No. R. 331 9 March 1973

STATE AIRPORT REGULATIONS, 1963

The Minister of Transport has, in terms of section 22 of the Aviation Act, 1962 (Act 74 of 1962), as amended, made the regulations contained in the Schedule hereto.

SCHEDULE 6

The State Airport Regulations, 1963, as promulgated under Government Notice R. 1974 of 20 December 1963 and as subsequently amended*, are hereby further amended—

(1) by the substitution in the Afrikaans text, wherever it occurs, except in regulation 2 (i), 2 (xvi), 4 (c) and 4 (d)—

(a) for the word "vliegtuig" or "vliegtuie", of the word "lugvaartuig" or "lugvaartuie", respectively; and

(b) for each compound word and any expression of which the word "vliegtuig" or "vliegtuie" forms part, of the corresponding compound word or expression of which the word "lugvaartuig" or "lugvaartuie" respectively forms part;

(2) by the substitution in regulation 2 in the definitions of "runway" and "taxiway" and in regulations 4 (c) and 4 (d) for the word "aircraft", wherever it occurs, of the word "aeroplane";

(3) by the substitution for the definition of "policeman" in regulation 2 of the following definition:

"(x) 'policeman' means any member of the Force as defined in section 1 of the Police Act, 1958 (Act 7 of 1958), or member of the South African Railway Police as referred to in section 57 of the Railways and Harbours Control and Management (Consolidation) Act (Act 70 of 1957), and, if the airport is situated within the area of a municipality, includes a traffic officer or a traffic inspector in full-time employment of that municipality; (xv)"

* Sien Aanhangsel.

* See Annexure.

(4) deur in regulasie 4 (b) die woord "lugverkeersleidingsdiens" deur die woord "lugverkeersdienseenhed" te vervang;

(5) deur regulasie 5 deur die volgende regulasie te vervang:

"BEHEER OOR TOEGANG TOT BEPERKINGSGBIEDE

5. (1) 'n Bevoegdheid aan die Sekretaris van Vervoer verleen of 'n plig hom opgelê kragtens hierdie regulasie kan deur die Sekretaris van Vervoer persoonlik of deur die bestuurder kragtens 'n delegasie of onder die beheer of ingevolge die voorskrif van die Sekretaris van Vervoer uitgeoefen of verrig word.

(2) By die toepassing van hierdie regulasie beteken—

(a) "gemagtigde beamppte" die beamppte wat deur die Sekretaris van Vervoer aangewys is as die gemagtigde beamppte vir die geval en by die plek ten opsigte waarvan die by hierdie regulasie verleende bevoegdhede deur 'n gemagtigde beamppte uitgeoefen kan word; en

(b) "permit" 'n dokument wat kragtens subregulasie (6) uitgereik word om toegang tot 'n beperkingsgebied te verleen.

(3) Niemand mag 'n beperkingsgebied binnegaan nie behalwe—

(a) 'n persoon wat deur sodanige gebied moet gaan ten einde as passasier aan boord te gaan van 'n lugvaartuig wat op die punt staan om van die lughawe af op te styg of ten einde 'n lugvaartuig waarop hy 'n passasier was en wat so pas geland het te verlaat; of

(b) 'n persoon aan wie die Sekretaris van Vervoer spesiale skriftelike vergunning verleen het om sodanige gebied sonder 'n permit binne te gaan, onderworpe aan die voorwaardes wat die Sekretaris van Vervoer van tyd tot tyd bepaal en wat in die vergunning vermeld word;

tensy hy—

(i) die houer is van 'n permit kragtens subregulasie (6) deur die Sekretaris van Vervoer uitgereik, in die vorm wat die Sekretaris van Vervoer van tyd tot tyd bepaal; en

(ii) sodanige permit aan sy persoon dra.

(4) Iemand wat 'n beperkingsgebied moet binnegaan weens die aard van sy pligte of die dienste wat hy moet lewer, moet by die bestuurder om 'n permit aansoek doen en moet die vrae wat aan hom gestel word mondeling of skriftelik, soos vereis word, beantwoord.

(5) Die gelde wat die Sekretaris van Vervoer van tyd tot tyd bepaal, is betaalbaar alvorens 'n permit aan 'n persoon uitgereik word.

(6) (a) 'n Permit mag slegs op aansoek aan 'n werkgever of werknemer uitgereik word wanneer die vervulling van sy pligte of die levering van sy dienste vereis dat hy in 'n beperkingsgebied moet wees.

(b) Die Sekretaris van Vervoer kan te eniger tyd wanneer hy dit nodig ag, met of sonder verstrekking van redes—

(i) weier om 'n permit uit te reik; of

(ii) 'n permit wat reeds uitgereik is, opskort of intrek.

(7) Die houer van 'n permit wat ingevolge subregulasie (6) opgeskort of ingetrek is, moet die permit onverwyld aan die bestuurder terugbesorg.

(8) Die houer van 'n permit wat nie langer optree in die hoedanigheid ten opsigte waarvan sodanige permit uitgereik is nie, moet die permit onverwyld aan die bestuurder terugbesorg.

(4) by the substitution, in regulation 4 (b) for the word "control service" of the words "services unit";

(5) by the substitution for regulation 5 of the following regulation:

"CONTROL OF ENTRY INTO RESTRICTED AREAS

5. (1) A power granted or a duty assigned to the Secretary for Transport by virtue of this regulation may be exercised or performed by the Secretary for Transport in person or by the manager by virtue of a delegation or under the control of or in accordance with the directions of the Secretary for Transport.

(2) For the purposes of this regulation—

(a) "authorised officer" means the officer designated by the Secretary for Transport as the authorised officer for the case and at the place in respect of which the powers granted under this regulation may be exercised by an authorised officer; and

(b) "permit" means a document issued in terms of subregulation (6) to authorise entry into a restricted area.

(3) No person shall enter a restricted area except—

(a) a person who has to proceed through such area in order, as a passenger, to board an aircraft which is about to take off from the airport, or in order to leave an aircraft which has just landed and on which he travelled as a passenger; or

(b) a person to whom the Secretary for Transport has granted special permission in writing to enter such area without a permit, subject to the conditions which the Secretary for Transport may determine from time to time and which shall be stated in such permission; unless he—

(i) is the holder of a permit issued by the Secretary for Transport by virtue of subregulation (6) in a form determined by the Secretary for Transport from time to time; and

(ii) carries such permit on his person.

(4) Any person who has to enter a restricted area on account of the nature of his duties or the services he has to render, must apply to the manager for a permit and answer the questions put to him, either orally or in writing, as required.

(5) The fees determined by the Secretary for Transport from time to time, are payable before a permit shall be issued to any person.

(6) (a) A permit shall only be issued on application to an employer or employee if the performance of his duties or the rendering of his services requires him to be within a restricted area.

(b) The Secretary for Transport may, at any time when he deems it necessary, with or without giving reasons—

(i) refuse to issue a permit; or

(ii) suspend or cancel a permit which has already been issued.

(7) The holder of a permit which has been suspended or cancelled pursuant to subregulation (6), shall return the permit to the manager forthwith.

(8) The holder of a permit who no longer acts in the capacity for which such permit was issued, shall return the permit to the manager forthwith.

(9) Die werkgever van die houer van 'n permit moet, waar laasgenoemde nie langer optree in die hoedanigheid ten opsigte waarvan sodanige permit uitgereik is nie, toesien dat sodanige permit onverwyd aan die bestuurder terugbesorg word.

(10) 'n Permit kan uitgereik word om toegang te versleen tot 'n beperkingsgebied as geheel of tot slegs 'n aangewese gedeelte daarvan.

(11) 'n Permit kan vir 'n bepaalde tyd of onbepaalde tyd of vir die duur van 'n bepaalde handeling uitgereik word.

(12) Die bestuurder, 'n gemagtigde beampete of 'n polisiebeampete kan enige persoon—

(a) verbied om 'n beperkingsgebied binne te gaan;
(b) gelas om 'n beperkingsgebied onverwyd te verlaat, hetsoy so 'n persoon kragtens hierdie regulasies gemagtig is om binne 'n beperkingsgebied te wees al dan nie.

Iemand wat versuim om onverwyd aan so 'n bevel gehoor te gee, is skuldig aan 'n misdryf en kan sonder 'n lasbrief in hechtenis geneem word en met sodanige geweld as wat redelik nodig is, verwyder word.

(13) Elke persoon in 'n beperkingsgebied wat die houer van 'n permit is, moet sodanige permit op versoek van die bestuurder, 'n polisiebeampete of 'n gemagtigde beampete vir ondersoek oorhandig.

(14) 'n Persoon wat in 'n beperkingsgebied gevind word sonder dat hy die houer is van 'n permit of sonder dat hy ander wettige magtiging het om binne sodanige gebied te wees, is skuldig aan 'n misdryf en kan sonder 'n lasbrief in hechtenis geneem word en met sodanige geweld as wat redelik nodig is, verwyder word.

(15) Die bestuurder, 'n polisiebeampete of 'n gemagtigde beampete kan sonder 'n lasbrief enige persoon wat in 'n beperkingsgebied gevind word ondervra en visenter en enige lugvaartuig, voertuig, artikel of voorwerp in 'n beperkingsgebied deursoek, hetsoy so 'n persoon, lugvaartuig, voertuig, artikel of voorwerp kragtens hierdie regulasies gemagtig is om binne daardie beperkingsgebied te wees al dan nie, en hy kan so 'n persoon, lugvaartuig, voertuig, artikel of voorwerp aanhou vir visentering of deursoeking: Met dien verstande dat die visentering van enige persoon met streng inagneming van welvoeglikheid en orde uitgevoer moet word en dat 'n vrouepersoon slegs deur 'n vrouepersoon ondersoek mag word en indien geen vroulike polisiebeampete beskikbaar is nie die visentering gedoen moet word deur 'n vrouepersoon wat deur die bestuurder, 'n gemagtigde beampete of 'n polisiebeampete vir die doel aangewys is.

(16) Niemand mag 'n permit skend, vervals, namaak, vernietig of aan 'n ander persoon beskikbaar stel om 'n beperkingsgebied binne te gaan nie.

(17) Enige persoon wat in besit is van 'n valse dokument wat hy beweer 'n permit is wat kragtens hierdie regulasies aan hom uitgereik is of van 'n permit wat nie aan hom persoonlik uitgereik is nie en waarmee hy probeer om toegang tot 'n beperkingsgebied te verkry, of verkry het, is skuldig aan 'n misdryf.

(18) Indien 'n permit verlore raak, moet die omstandighede onverwyd by die bestuurder aangemeld word en hy kan die permit vervang by betaling van die geldie wat van tyd tot tyd deur die Sekretaris van Vervoer bepaal word.";

(6) deur in regulasie 7 (2) die woord "lugverkeersleidingsdiens" deur die woord "lugverkeersdienseenhed" te vervang;

(9) The employer of the holder of a permit shall, where the latter no longer acts in the capacity for which such permit was issued, ensure that such permit is returned to the manager immediately.

(10) A permit may be issued for admittance to a restricted area as a whole or to only a designated part thereof.

(11) A permit may be issued for a specified period, or for an indefinite period or for the duration of a specified operation.

(12) The manager, an authorised officer or a policeman may—

(a) prohibit any person from entering a restricted area;

(b) order any person to leave a restricted area immediately, whether such person has been authorised by virtue of these regulations to be within a restricted area or not.

Any person who fails to comply with such order forthwith shall be guilty of an offence and may be arrested without a warrant and removed with such force as may be reasonably necessary.

(13) Every person in a restricted area who is the holder of a permit shall produce such permit for inspection at the request of the manager, a policeman or an authorised officer.

(14) Any person found in a restricted area who is not the holder of a permit or who is not otherwise legally authorised to be within such area, shall be guilty of an offence and may be arrested without a warrant and removed with such force as may be reasonably necessary.

(15) The manager, a policeman or an authorised officer may, without a warrant, question and search any person found in a restricted area and search any aircraft, vehicle, article or object in a restricted area, whether such person, aircraft, vehicle, article or object has been authorised, by virtue of these regulations, to be within such restricted area or not, and may detain such person, aircraft, vehicle, article or object for inspection or searching: Provided that the searching of any person shall be done with strict observance of propriety and in an orderly manner, that females shall only be searched by females and, if no policewoman is available, that the searching shall be done by a female designated for the purpose by the manager, an authorised officer or a policeman.

(16) No person may mutilate, forge, copy, destroy or make available to another person a permit to enter a restricted area.

(17) Any person who is in possession of a false document which he claims to be a permit issued to him by virtue of these regulations, or of a permit not issued to him personally, and with which he endeavours to gain or has gained access to a restricted area, shall be guilty of an offence.

(18) If a permit is lost, the circumstances shall forthwith be reported to the manager who may replace the permit on payment of the fees determined by the Secretary for Transport from time to time.";

(6) by the substitution in regulation 7 (2) for the words "control service" of the words "services unit";

(7) deur die volgende subregulasie by regulasie 9 te voeg:

"(3) Goedkeuring om die eindpuntgebied binne te gaan, word skriftelik deur die bestuurder verleen in die vorm wat hy van tyd tot tyd bepaal."

AANHANGSEL

WYSIGINGS VAN DIE STAATSLUGHAWEREGULASIES, 1963

Wysigings van die Staatslughaweregulasies is afgekondig by Goewermentskennisgewings R. 397 van 20 Maart 1964, R. 2027 van 24 Desember 1965, R. 943 van 23 Junie 1967, R. 1031 van 26 Junie 1970 en R. 2233 van 11 Desember 1970.

(7) by the addition of the following subregulation to regulation 9:

"(3) Permission to enter the terminal area shall be granted by the manager in writing in the form which he may determine from time to time."

ANNEXURE

AMENDMENTS TO THE STATE AIRPORT REGULATIONS, 1963

Amendments to the State Airport Regulations were promulgated under Government Notices R. 397 of 20 March 1964, R. 2027 of 24 December 1965, R. 943 of 23 June 1967, R. 1031 of 26 June 1970 and R. 2233 of 11 December 1970.

Nuttige wenke-

1. Adresseer alle posstukke volledig, duidelik en sonder misleidende afkortings.
2. Plaas u eie adres agterop die koevert of omslag.
3. Moenie muntstukke of ander harde artikels in briewe insluit nie.
4. Gebruik posorders of poswissels wanneer geld deur die pos gestuur word.
5. Verpak pakkette behoorlik. Gebruik sterk houers en dik papier en bind dit stewig vas.
6. Maak seker dat die posgeld ten volle vooruitbetaal is.
7. Plak die posseëls in die boonste regterhoek van die koevert of omslag.
8. Verseker u pakkette en registreer waardevolle briewe. Dokumente wat slegs teen hoë koste vervang kan word, moet verkieslik verseker word.
9. Pos vroeegtydig en dikwels gedurende die dag. Posstukke wat tot op die laaste oomblik teruggehou word kan vertraging veroorsaak.
10. Verstrek u volledige posadres aan u korrespondente asook u posbusnommer waar van toepassing.

Useful Hints-

1. Address all mail fully, clearly and without misleading abbreviations.
2. Place your own address on the back of the envelope or wrapper.
3. Do not enclose coins or other hard objects in letters.
4. Send remittances by Postal Order or Money Order.
5. Pack parcels properly, using strong containers and heavy paper. Tie securely.
6. Prepay postage fully.
7. Place postage stamps in the upper right hand corner of the envelope or wrapper.
8. Insure your parcels and register valuable letters. Documents which can only be replaced at considerable cost should preferably be insured.
9. Post early and often during the day. Mail held until the last moment may cause delay.
10. Give your correspondents your correct post office address including your box number where applicable.

Spaar Tyd en Geld, Gebruik Frankeermasjiene

Save Time and Money, Use Franking Machines

INHOUD

No.	Bladsy
Vervoer, Departement van Goewermentskennisgewing R. 331. Staatslughaweregulasies, 1963	1

CONTENTS

No.	Page
Transport, Department of Government Notice R. 331. State Airport Regulations, 1963	1